


VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat het gebeur?
2. Wat is `n wonderwerk?
3. Gebeur daar vandag nog wonderwerke?
4. Noem nog wonderwerke uit die bybel?



Dinsdag

1. Wat sien jy in die storie?
2. Hoekom was Paulus op die skip?
3. Waar het hulle uitgespoel?
4. Wie was saam hom?



Woensdag

1. Hoekom het Paulus hout bymekaar gemaak?
2. Wat het gebeur?
3. Is jy bang vir `n slang?



Donderdag

1. Wat se werk het Paulus gedoen op die eiland?
2. Was hy `n god?
3. Deur wie se krag het hy wonderwerke gedoen?
4. Hoe kan ons werk vir God?



HANDELINGE 28 PAULUS WORD GEBYT DEUR 'N GIFTIGE SLANG

Markus 16:17-18: "En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle praat, slange sal hulle opneem; en as hulle iets doodeliks drink sal hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal-gesond word"

Het jy al ooit gehoor wanneer iemand sê: "Dit was `n **wonderwerk**! Net die Here kon my help, en hy het!" `n **Wonderwerk** is wanneer iets gebeur wat nie verklaar kan word nie. `n Motor stop net sentimeters voordat dit iemand tref of iemand bring kos vir `n gesin sonder kos, net voor etenstyd. Baie **wonderwerke** het ook gebeur met Paulus, die apostel van die Here. Paulus was een keer as gevangene op pad om voor die Romeinse keiser te verskyn. Die skip waarmee hulle gevaar het, het in `n storm beland en al die mense op die skip het op die eiland Milete uitgespoel. Dit was al klaar `n **wonderwerk** dat niemand verdrink het nie! Daar het die mense van die eiland `n vuur gemaak vir Paulus en die ander mense en matrose om warm en droog te word.

Paulus het hout bymekaar gemaak en op die vuur gesit. `n Slang het uit die hout gekom en vir Paulus aan sy hand gebyt. Paulus het die slang in die vuur afgeskud. Die mense het almal gewag dat Paulus moes opswel en dood neerval, want hulle het daar die soort slang geken! Niks het gebeur nie. Toe die mense sien dat Paulus niks oor kom nie het hulle begin dink dat hy `n god was. Paulus was nie `n god nie, **maar hy het geweet dat God hom sal help**. Paulus en die ander mense het drie dae op die eiland gebly en baie van die siek mense op die eiland gesond gemaak. Paulus het oorwin deur `n **wonderwerk**! Jy kan ook! Deur **wonderwerke** sien mense hoe groot en sterk ons God is! Jy kan vandag nog God vertrou vir Sy bo-natuurlike krag in elke situasie wat vir jou onmoontlik lyk!

Here, help my om op U te vertrou en altyd te weet dat U daar is om U word waar te maak

AKTIVITEIT VIR DIE WEEK

